INDEPENDENT
CORPORATE RECOVERY ADVISORS

Independent Trustees (Eiendoms) Beperk (Reg Nr 2002/025164/07)
Blaauwklipkantoorpark Blok 2 Webersvalleiweg Jamestown
Stellenbosch 7600 (Ook te Roodepoort)
Posbus 820 Stellenbosch 7599
Telefoon: (021) 880 5400
Internasionaal: (+27) 21 880 5400
Faks: (021) 880 5430
Webadres: www.corprecover.co.za

U Verw:
Ons Verw: **RYNETTE PIETERS**
Direkte Lyn: **021 – 880 5400**
Direkte Faks: **021 – 880 5430**
Selfoon:
Direkte E-pos: **rynettep@corprecover.co.za**
Datum: **22 Januarie 2010**

**<u>AANDAG</u>: AAN ALLE BELEGGERS**

Geagte Meneer

**KINGS AANGELEENTHEDE**

Ons wens u almal ‘n uitstekende en gesonde 2010 toe.

1 Ons bevestig die likwidateurs is steeds besig om:

1.1 Data en inligting van die skuldeisers / beleggers self in te win;
1.2 Waardasies van die onroerende eiendomme wat verkry is, na te gaan en sodoende die finansiële posisie van elke maatskappy te bepaal;
1.3 Gewikkel is in ‘n voortdurende proses om met die administrateurs wat die eiendomme wat huurinkomste verdien, samesprekings te voer om die okkupasie te verhoog en geboue in stand te hou;
1.4 Besig met gesprekke en voorbereiding vir regsaksies teen persone wat met hulle huurgeld agterstallig is;
1.5 Ondersoeke te doen met die oog op die hou van ondervragings van sekere rolspelers;
1.6 Die totale laste van elke maatskappy te bepaal gebaseer op die beleggers (nie die maatskappye self nie) se rekords;
1.7 Die formele eisdokumente van alle verbandhouers aan te vra en na te gaan;

2 Die plan vir die jaar vorentoe is:

2.1 Om die proses hierbo beskryf af te handel;
2.2 Om die opsies vir die realisasie van bates te debateer en besluite te neem oor die proses vorentoe;
2.3 Ondersoek in te stel en te onderhandel met alle partye wat tot dusver belangstelling getoon het om herstruktureringsplanne vir sekere van die maasskappy voor te lê;
2.4 Te vergader met belangrike rolspelers soos die Raad op Finanasiële Dienste (‘RFD”) om alle inligting oor die manier hoe die Groep se sake gedoen was, na te gaan met die

**Independent Trustees (Pty) Ltd** is ‘n lid van **hww insolvency cooperation partners**

Oostenryk (Wenen) Brazilië (Sao Paulo) Cayman Eilande (Grand Cayman) Tsjeggiese Republiek (Praag) Frankryk (Parys) Duitsland (Hamburg) Groot Brittanje (London) Hongarye (Budapest) Indië (Nieu-Delhi) Italië (Rome) Mexico (Mexico stad) Nederlande (Amsterdam) Pole (Warschau) China (Hong Kong) Romenië (Boekarest) Rusland (Moskou) Suid-Afrika (Johannesburg) Spanje (Barcelona) Swede (Stockholm) VSA (New York)

Direkteure:
JF Klopper B Com B Proc R Pieters B* Econ LDR Van der Merwe* B Com LLB
MJ Maseko B Juris LLB HA Plaatjies* B Juris LLB
* Lid van die Association of Insolvency Practitioners of Southern Africa (“AIPSA”)

oog op die verkryging van 'n regsopinie oor die geldigheid van aandele wat in die Groep uitgereik was en te bepaal presies waar eise van beleggers lê;

2.5 Met die algemene administrasie soos deur die Maatskappyewet, gelees met die Insolvensiewet, bepaal voort te gaan.

Met verwysing na paragraaf 1.3 hierbo en met betrekking tot die Edrei Beleggers, is daar 'n verdere kennisgewing op ons webblad www.corprecover.co.za geplaas.

Met verwysing na paragraaf 2.2 hierbo bevestig ons dat die Likwidateurs in die proses is om twee eiendomme naamlik: Walmer, Port Elizabeth en Carswald 98, Midrand wat onderskeidelik aan RZT Zelpy 4613 (Edms) Beperk) en RZT Zelpy 4616 (Edms) Beperk behoort, word op 09 en 12 Februarie 2010 onderskeidelik per openbare veiling. In beide gevalle is dit onwaarskynlik dat die eiendomme meer sal realiseer as wat aan die onderskeie verbandhouers verskuldig is.

Die uwe
INDEPENDENT TRUSTEES (EDMS) BPK

**R PIETERS (Mev)**
*(Elektronies versend en dus nie geteken nie)*